

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Theewaterskloof Landgoed 205
Villiersdorp

Posbus121
6848 Villiersdorp

Sel: 082 355 3801

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

UITSONDERLIKE PRESTASIE DEUR PROF MIKE HENNING VAN UJ



a2.b7.c5.d7.e2.f1.g2. Prof Michael Anthony (Mike) Henning *19 Maart 1964 van die Universiteit van Johannesburg

Dit het onlangs bekend geword dat Prof Michael Anthony (Mike) Henning *19 Maart 1964 met genealogiese nommer a2.b7.c5.d7.e2.f1.g2. in die Henning Familiekroniek met een van die mees gesogde akademiese toekennings vereer is.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting (NRF) het vir die derde keer 'n A-gradering aan prof Michael Henning van die Universiteit van Johannesburg toegeken. Hierdie keer in die gesogde A1-kategorie. Die A1-gradering is die hoogste gradering van die NRF.

Die NRF verleen A1-graderings aan navorsers wat internasionaal deur alle beoordelaars erken word as vooraanstaande geleerdes in hul vakgebied, vanweë die hoë gehalte en die wye impak van hul onlangse uitsette.

'n A1-gradering is 'n seldsame eer wat gereserveer word vir die mees vooraanstaande navorsers.

Daar is slegs 117 navorsers in alle vakgebiede in Suid-Afrika wat 'n A-gradering ontvang het, dus is Prof Mike met sy A1-gradering aan die bopunt van hierdie top-navorsers in Suid-Afrika.

Hy het ongeveer 500 referate in internasionale wiskundetydskrifte gepubliseer, insluitende meer as 100 referate in die prestigeryke tydskrif "Discrete Mathematics".

"Ek is verheug dat ek my NRF A-gradering vir die derde graderingsiklus behou en 'n verhoogde gradering, naamlik 'n A1-gradering hierdie keer ontvang het. Wiskundige navorsing is van nature onvoorspelbaar. Mens kan letterlik dekades aan 'n wiskunde-probleem werk sonder om vordering te maak. Daarom is ek dankbaar dat ek genoegsame vordering gemaak het om 'n A1-gradering te regverdig" het Mike gesê.

Prof Henning is genooi as gasspreker by verskeie internasionale konferensies in die VSA, Kanada, Denemarke, Frankryk, Duitsland, Hongarye, Pole, Slowakye en Slowenië. Hy werk saam met grafiekteoretici uit baie lande. "Die geleentheid om met wêreldleiers in wiskunde te werk, is baie waardevol. Samewerking met ander wiskundiges het die navorsingservaring vir my baie verbeter. Ek sou slegs 'n klein fraksie van die navorsingsuksesse behaal het as ek nie persoonlik kon reis en saam met my navorsingsgenote in verskillende wêrelddele te werk nie, het die professor gesê.

Prof Henning se navorsing is in die veld van diskrete wiskunde en handel hoofsaaklik oor strukture in grafiekteorie, insluitend oorheersingsteorie in grafieke - 'n gebied waarin hy 'n gevestigde voetspoor het. Hy doen ook navorsing oor ander onderwerpe soos bypassings, kleurstawwe, onafhanklikheid in grafieke en transversale in hipergrafieke. Die wisselwerking tussen totale oorheersing in grafieke en transversale in hipergrafieke was die afgelope 15 jaar 'n fokuspunt van sy navorsing. Dit het gelei tot twee Springer-boeke – "Total Domination in Graphs" and "Transversals in Linear Uniform Hypergraphs", wat beide saam met een van sy belangrikste medewerkers, professor Anders Yeo van die Universiteit van Suid-Denemarke geskryf is.

Mike is in Graaff-Reinet gebore as die tweede van vier kinders van Prof Cosmo



Prof Mike Henning en sy vrou Anne met Anne se ma, Dawn Livingstone en hul twee kinders, John en Alicen agter

Grenville Henning en sy vrou Joyce (gebore Roebuck), maar het in Pretoria en Westville skool gegaan — graad 1 tot 7 aan die Waterkloof Primary School, graad 8 tot 9 aan die Pretoria Boys High School en graad 10 tot 12 aan die Westville Boys High School. Hy studeer aan die Universiteit van Natal van 1981 tot 1989 en verwerf 'n PhD-graad in Wiskunde.

In atletiek het hy op provinsiale vlak landloop, padwedlope en op die baan deelgeneem. Hy het ook provinsiale skaak gespeel.

Hy werk by die Universiteit van KwaZulu-Natal vanaf Januarie 1991 tot April 2010 en skuif daarna vanaf Mei 2010 na die Universiteit van Johannesburg as navorsingsprofessor in wiskunde.

Prof Mike en sy vrou, Anne het twee kinders, John Anthony *8-5-1998 en Alicen Joy *23-8-2000

Aangename Kinderherrinneringe



b6.c4.d3.e5.f2.g3.h1. Ansie van Zyl (voorheen Steyn, gebore Henning) *4-5-1958 se aangename herrinneringe aan haar oupa en ouma en “Ant Ous”

b6.c4.d3.e5.f2.g3.h1. Ansie van Zyl (voorheen Steyn, gebore Henning) *4-5-1958 woon in ‘n “ouma woonstel” by haar enigste seun, Andries Marthinus Steyn se huis in Witbank.

Ansie het vir ons die mooi verhaal van haar oupa Willem en ouma Anna Henning en haar pa se oudste suster, Anna Margaretha vertel. Haar pa, Andries Jacobus Henning *11-9-1920 was die derde van vier kinders van Willem Frederik Henning *19-4-1891 en sy vrou Anna Susanna (gebore Van Wyk) *1-12-1895.

Oupa Willem het op die spoorweë te Heidelberg gewerk, maar was ook bywoner op die plaas Vaaldraai, Frankfort, waar met vee en graan geboer is. Later het hy vier erwe langs mekaar in Heidelberg gekoop. Op die eerste erf het hy vir hom en ouma Anna ‘n huis gebou. Op die tweede

erf het hy mielies geplant. Op die derde erf het sy jongste dogter, Maria Magdalena en haar man ‘n huis gebou en op die vierde erf het oupa Willem ‘n vrugteboord aangelê.

Hoewel oupa Willem vir die spoorweë gewerk het, het hy ook gedurende die Eerste Wêreldoorlog in die Unie Verdedigingsmag gedien en was selfs die kampioenskut van die Noordelike Kommandement.

Oupa Willem-hulle het nog ‘n “longdrop” kleinhuise gehad. Toe ouma Anna ernstig siek geword het met maag-en lewerkanker, het Ansie se pa, Kootjie vir hulle ‘n behoorlike badkamer aangebou.

Oupa en ouma het ‘n groot spens gehad, met groot bliktrommels vol meel en suiker, asook rakke vol ingelegde vrugte.

Daar was ‘n groot reënwater-tenk langs die huis en ‘n regte, egte waenhuis met groot hekke waarop al die kleinkinders gesprong en saamgery het as dit ooggemaak word.

Oupa Willem Frederik en ouma Anna Susanna Henning se vier kinders het almal interessante noemname gehad, naamlik Anna Margaretha *12-2-1918 is deur al die kinders “Ant Ous” genoem, Pieter Jacob was “oom Jaap of oom Japie”, dan Ansie se pa, Andries Jacobus, se noemnaam was “Kootjie” en laastens Maria Magdalena gebore 24-3-1927 wat die jongste was, was “Ant Sus”.

Pa Andries Henning was getroud met Catharina Elizabeth (gebore Swanepoel) *4-8-1929. Sy was voorheen getroud met Petrus Lourens Scott en Andries (Kootjie) Henning was dus haar tweede man. Sy het ook kinders by haar eerste man gehad, wat natuurlik half-broers en susters van Ansie was.

Ansie was die oudste van drie dogters wat Andries (Kootjie) by ma Catharina gehad het. Die ander twee dogters se noemname was Elize en Rita.



a2.b6.c4.d3.e5.f2. Willem Frederik Henning * 19-4-1891 saam met sy twee seuns en twee skoonseuns. V.l.n.r Isak Daniël Bosman, man van Anna Margaretha Henning (g1), Andries Jacobus Henning * 11-9-1920 (g3), vader Willem, Pieter Jacob Henning(g2) en Gideon Pieter van Niekerk, man van Maria Magdalena Henning * 24-3-1927 (g4)

Rita het beurte gemaak om naweke by oom Isak en Ant Ous te gaan kuier. Dan het hulle op 'n enkelbedjie geslaap. Ant Ous se huis was altyd pynlik netjies met skoon vloere wat altyd blinkgevyrf was. Tot die dreins by die buitekranes was rooi gepolitoer en blink gevyrf. Oom Isak het nie tuin gemaak nie. Die erf was wel skoon, maar geen tuin of blomme nie. Sy motorhuis was sy heiligdom. Hy het kaste vol gereedskap gehad. Elke stuk gereedskap het sy plek gehad.

Saterdag-oggende het Ant Ous die kinders altyd met iets lekkers, soos koeksisters, bederf, terwyl hulle pa, Andries (of Kootjie) en oom Isak 'n brandewyntjie in die motorhuis gestaan en drink het. Hy was nie toegelaat om sterk drank in die huis aan te hou nie. Ansie onthou dat oom Isak altyd een van die kinders gestuur het om vir die mans 'n bietjie yswater te gaan haal het vir hulle drankies.

Kersfees het oom Isak en Ant Ous, en haar pa, met sy gesin, asook oom Japie (altyd alleen) van Vanderbijlpark af deurgery het Heidelberg toe, om die dag by oupa Willem en ouma Anna te gaan deurbring het. Ansie en haar sussies het altyd saam met Ant Ous gery. Ant Sus en haar man, wat net langs oupa en ouma gebly het, het dan ook by die saamtrek aangesluit. Dit was wonderlike dae vir die kinders om 'n oupa en ouma en 'n tannie soos Ant Ous te gehad het.

Ansie vertel dat "Ant Ous" (Anna Margaretha) en haar man, Isak Daniël Bosman te Vanderbijlpark gewoon het waar hy en Ansie se pa, Kootjie beide vir YSKOR gewerk het. Oom Isak en Ant Ous was kinderloos. Sy was 'n baie saggeaarde mens gewees. Wanneer haar man, Isak van haar teenoor haar broers gepraat het, het hy altyd van "jou ou" gepraat. Van daar haar noemnaam - Ant Ous.

Ansie glo dat Ant Ous 'n wonderlike ma sou gewees het, as sy en haar man kinders gehad het. Ansie sê ook dat sy graag 'n dogter van Ant Ous sou wou gewees het, want sy het alles gedoen wat 'n ma, uit 'n kind se oogpunt, moes doen.

Ansie en haar jonger susters, Elize en



Anna Susanna Henning (gebore van Wyk) vrou van a2.b6.c4.d3.e5.f2. Willem Frederik Henning * 19-4-1891 en haar twee dogters, (voor) Maria Magdalena * 24-3-1927 (g4)(Ant Sus) en Anna Margaretha *12-2-1918 (g1) (Ant Ous)

Nuus uit Kanada

Ons ontvang 'n interessante brief uit Ontario, Kanada van 'n Jan-Louis Henning *7-5-1992. Sy genealogiese nommer in die Henning Familiekroniek is a2.b5.c2.d13.e1.f3.g1.h3.i3. Hy vertel dat hulle familie in 1996, toe hy vier jaar oud was na Kanada verhuis het.

Deesdae is Jan-Louis 'n Elektries-Meganiese Ingenieur-offisier in die Kanadese Weermag. Hy kan nog Afrikaans praat , maar sy Engels is beter, want hy woon van vierjarige ouderdom af in 'n Engelssprekende land.

Jan-Louis sê dat hy graag sal wil sien dat sy nasate eendag as hulle hul voorsate naspour, sal sien dat hulle voorsate 'n trotse geskiedenis in Suid-Afrika gehad het.

Sy pa, ook Jan Louis Henning *15-12-1958 en sy ma, Christina Hendrina (gebore Roodt) *7-5-1959 is op 17 Desember 1982 getroud, terwyl sy pa nog met sy mediese studies besig was. Hulle het drie kinders, nl Merissa *16-9-1989 (sy is die enigste van die drie kinders wat al getroud is – met Harrison James Pyke) , Janneke *24-1-1991 en Jan-Louis *7-5-1992.

Sy pa het in 1983 as 'n geneesheer gekwalifiseer.

Gedurende die eerste jare van sy beroep het Jan Louis senior gereeld gehoor van kollegas wat in Kanada gaan werk het. Hulle stories was interessant en het gepraat van 'n wêreld wat hy nie geken het nie.



Dr Jan Louis Henning *15-12-1958 (middel), sy vrou, Christina Hendrina (gebore Roodt) *7-5-1959 (tweede van links) en hul drie kinders: Janneke *24-1-1992 (links), Merissa *16-9-1989 en Jan Louis *7-5-1992

In 1990 begin hy spesialiseer in Ortopedie. Teen die einde van sy termyn as Kliniese Assistent het hy begin kyk na sy opsies as hy as 'n spesialis gekwalifiseer het. Hy het gehoor van 'n goeie vriend wat in Kanada in praktyk was en het die idee begin ondersoek om ook Kanada toe te gaan vir 'n twee jaar tydperk met die plan om dan terug te keer na Suid Afrika.

Deur 'n interessante toeval het hy sy vriend se kontak-inligting in die hande gekry. Hy het toe juis gesoek na iemand om saam met hom in praktyk te gaan. Alles het in plek geval en in Januarie 1996 het hy by sy vriend aangesluit in hulle praktyk in Yorkton, Saskatchewan. Hulle het vyf jaar saam in die praktyk gewerk voordat Jan Louis verskuif het na Owen Sound in Ontario waar hy die afgelepe twintig jaar praktiseer. Sedertdien woon hierdie Henning gesin steeds in Kanada.

Dr Jan Louis (Snr) se pa, Dr Pieter Hendrik Henning *21-8-1929 was ook 'n spesialis geneesheer – in psigiatrie. Hy was die Hoofdirekteur van Geestesgesondheid by die Departement van Gesondheid in Suid-Afrika. Hy het in die kollig gekom toe hy as assessor/ raadgewer deelgeneem het aan die verhoor van Dimitri Tsafendas, die persoon wat die destydse Eerste Minister, Dr H F Verwoerd vermoor het.



a2.b5.c2.d13.e1.f3.g1 Dr Pieter Hendrik Henning *21-8-1929, sy vrou, Maria Christina Elizabeth (gebore Olivier) *6-12-1926 en hul vier seuns van links na regs: Jan Louis *15-12-1958, Ockert Jacobus *26-6-1960, Pieter Hendrik *2-4-1955 en Ianatius Wilhelm *14-7-1956

Ongeveer 1981/82, terwyl Olivier Henning nog gegewens vir sy eerste boek oor die nasate van die Henning stamvader, Pieter Hendrik Henning versamel het, het hy op 'n dag besoek afgelê by hierdie Dr Pieter Henning om te bepaal wie sy voorsate was en om sy gesin se gegewens te probeer kry.

Dr Pieter Henning en sy vrou Maria Christina Elizabeth (gebore Olivier) het vier seuns, Pieter Hendrik, gebore 2-4-1955; Ignatius Wilhelm gebore 14-7-1956; Jan Louis gebore 15-12-1958 en Ockert Jacobus gebore 26-6-1960.

Ons het tot onlangs slegs basiese gegewens van al vier hierdie seuns se families gehad, maar met die hulp van Jan-Louis (Jnr), is ons nou besig om al vier

families volledig op rekord te neem.

Olivier kon gelukkig hierdie families se voorsate redelik volledig rekonstrueer en hulle boeiende geskiedenis wat oor nege geslagte strek, op slag neem.

Sterfte van 'n Henning wat dapper geveg het teen onwettige onteiening van plase

a2.b1.c6.d14.e2.f4. Pieter Bernard Henning, gebore 5 Mei 1940, of Peter Henning soos hy genoem is, het op 28 November 2020 gesterf. Hy was 'n seun van Johannes Stephanus Henning en sy vrou, Beatrice Cawood Smith. Pa Johannes het reeds in 1912, saam met sy ouers na die plaas Sweetwaters, distrik Louis Trichardt verhuis, waar hy diep spore in die landbougemeenskap getrap het.

Peter is die Elim-hospitaal, Louis Trichardt gebore en het saam met sy ouer broers, Poek en John, op die plaas Sweetwaters, Louis Trichardt grootgeword.

Hy was in die Laerskool Louis Trichardt, waarna hy aan die St John's College in Johannesburg gematrikuleer het. Hy het die volgende drie jaar by Universiteit van Pretoria (Tuks) deurgebring en regte studeer. Hy staak sy studies om die melkery op Sweetwaters oor te neem.

Hy doen aansoek om een van die suikerplase in Rhodesië oor te neem. Sy aansoek was suksesvol en hy het in 1965 'n suikerboerdery ontvang met 'n waarborg van £ 8000 wat sy pa verskaf het. In November van daardie jaar het mnr Ian Smith, Eerste Minister van Rhodesië sy land eensydig onafhanklik verklaar (UDI) en is sy suikerkwota, weens die sanksies wat die buitewêreld



Pieter Bernhard Henning * 5-5-1940 en sy gesin: V.l.n.r. Greig Rudolf * 19-3-1970 (g2) en sy vrou, Claire; Liezl Anne Biehn (gebore Henning)(g1) en haar dogter, Caitlin; pa Pieter Bernhard (Peter) en sy vrou Moraig Margaret (gebore Mackinnon) en hul jongste dogter, Bronwyn Ilze * 7-2-1977

ingestel het, verminder. In 1967 het hy die helfte van die nuwe suikerriet vir kontantgewasse omge-ploeg. Vier jaar later het hy en sy broer, John in 'n 50/50 vennootskap die bure se plaas gekoop.

In dieselfde jaar het die bosoerlog in die Suidoostelike Laeveld van Rhodesië versleg en in die laaste deel van 1977 is 'n groot gesamentlike operasionele bevelspos op Buffalo Range vliegveld opgestel. Peter word aangestel as 'n vlugluitenant in beheer van die lugmag-reserwemag.

In 1979 verhuis hy en sy gesin terug na Louis Trichardt om die Suid-Afrikaanse regering te probeer oortuig om nie die familieboerdery op Sweatwaters, Louis Trichardt te oteien nie. Hy

koop terselfdertyd Masapas Ranch 80 km noord van Chiredzi (Zimbabwe) om met beeste te boer. Dit het daarna 'n wildplaas geword.

Na 'n droogte van twee jaar in die Laeveld en nadat die drie kinders hul skoolopleiding voltooi het, verhuis Peter in 1994 terug na Chiredzi, waar hy 'n belangrike rol gespeel het in die stigting en vroeë ontwikkeling van die "Save Valley Conservancy", aangesien hy die grootste private wildbewaringsgebied in die streek besit het.

In 2000 het die plaasaanvalle begin en uiteindelik is hy in 2004 deur 'n groep plakkers (Mugabe terroriste) verjaag. Na vele suksesvolle hofsake het die gesin daarin geslaag om tot 2009 in die opstal te bly, toe hulle gedwing is om na Suid-Afrika terug te keer of in hegtens geneem te word, omdat hy en sy gesin "onwettig" in hul eie woning aangebly het.

Die gesin het na Louis Trichardt teruggekeer en van ver af vir regverdigheid geveg en elke ses weke drie keer na die landdroshof in Chiredzi teruggekeer om in die opstal te bly. In Desember 2012 is hy tot \$100 of twee weke tronkstraf gevonniss.

Peter het onvermoeid voortgegaan om vir geregtigheid te veg en het tot en met sy dood gewag op die uitslag van 'n hofsak wat boere, met die hulp van Afriforum teen die Suid-Afrikaanse regering (oor die onteiening van sy plaas in Zimbabwe) by die hooggeregshof in Pretoria gevoer het. Die uitslag is nog steeds hangende, en die gesin vertrou dat 'n gunstige uitspraak gelewer sal word.

Hy is Saterdagoggend 28 November 2020 in die vroeë oggendure vreedsaam oorlede, na 'n kort, hewige stryd met kanker van die pankreas.

Hy en sy broer Arthur (Poek) is met twee Mackinnon susters getroud. 'n Gedenkdien is op Saterdag 5 Desember om 11:00 in die Agapé-kerk in Louis Trichardt gehou. Hy word oorleef deur sy vrou Moraig Henning, seun Greig Henning, dogters Liesl Biehn en Bronwyn Henning en kleindogter Caitlin Biehn.

Nog Hennings presteer in die Buiteland

Om Bondsekretaris van die Henning Familiebond en redakteur van die Ons Haantjie nuusbrieff te wees, beteken dat as so 'n persoon hierdie lewenstaak na behore wil doen, hy of sy elke dag 'n oog op al die media-platforms moet hou, want hoewel die Henning familie eintlik 'n relatief klein familie is, met slegs ongeveer 4 000 lede (ingesluit aangetroudenes) gebeur daar bykans elke dag van die jaar iets waarvan kennis geneem moet word: Henning babas word gebore, 'n Henning sterf of trou, of presteer op een of ander gebied, of iets – positief of negatief – gebeur met een van ons mense en so hou ons ons hand op die trotse geskiedenis van hierdie familie.



**Prof Cosmo Grenville Henning
*20-4-1932, wat diep spore by
die Universiteit van Durban-
Westville getrap het**

Toe ek gedurende Februarie 2021 op die News 24 platform kennis neem van Prof Mike Henning van die Universiteit van Johannesburg se uitsonderlike prestasie - ons hoofartikel op bl 1 - kon ek gelukkig vinnig met hom in aanraking kom.

Prof Mike se pa, Prof Cosmo Grenville Henning, gebore 20-4-1932, was ook 'n uiters bekwame akademikus. Hy het verskeie akademiese kwalifikasies verwerf, waarvan die belangrikstes die D Phil (UP), M Mus (UP) en F.T.C.L. was. Hy was 'n uitnemende kultuur-historikus, musikoloog en argivaris.

Uit sy pen het onder andere die navorsingswerk "Graaff-Reinet 1786-1886 A Cultural History" verskyn. Hy lewer ook bydraes tot die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie en die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek.

Hy dien as die Direkteur, Dokumentasiesentrum van die Universiteit van Durban-Westville, waar hy verantwoordelik was vir die stigting van 'n argief, dokumentasiesentrum en museum vir die Suid-Afrikaanse Indiër

gemeenskap.

Prof Cosmo Henning en sy vrou, Joyce Roebuck is gedurende Desember 1961 in Engeland getroud en hulle het drie seuns en 'n dogter: Paul Roebuck Henning *9-4-1963; Michael Anthony (Mike) Henning *19-3-1964; Adrian Grenville Henning *2-7-1971 en hul dogter, Susan Claire Henning *24-12-1972. Afgesien van Prof Mike se familie wat ons nou volledig op slag geneem het, het Mike my ook met sy broer Adrian Grenville wat in die VSA woon, in kontak gebring. En dit is duidelik dat Adrian ook uitsonderlik presteer het.



Adrian Grenville Henning * 2-7-1971, sy vrou Janice Lyn (gebore Turvey) *7-4-1978 op hul troudag 7 Junie 2008

Nadat Adrian matriek in 1990 aan die Westville Boys High School geslaag het, het hy die volgende kwalifikasies verwerf: B Ing graad in Elektroniese Ingenieurswese (spesialiteit Lugvaart Avionika) aan die Tswane Universiteit vir Tegnologie; B Com Honneurs aan die Universiteit van Natal; hy kwalifiseer as Geoktrooieerde Rekenmeester (CA AUS) asook as Gesertifiseerde Openbare Rekenmeester (CPA ASA NC)

Hy verwerf 'n privaat vlieënierslisensie en werk as 'n Lugvaart Ingenieur. Daarna werk hy by Pricewaterhouse Coopers en Ernst & Young asook Wells Fargo Bank as Openbare Rekenmeester.

Gedurende 2005 emigreer hy en sy vrou, Janice Lyn (gebore Turvey) na die Verenigde State van Amerika, waar hulle in 2018 burgerskap verwerf het.

Hulle het slegs twee honde-kindertjies, die Boston Terriers Duma en Nandi.



Pieter Hendrik Henning *7-1-1993 en sy vrou tjie, Fenetta op hul troudag. Hul eerste seuntjie, Hermanus Jacobus Henning is op 10 Januarie 2021 gebore

Babas

Ons het verneem dat Pieter Hendrik Henning, gebore 7 Januarie 1993 en sy vrou tjie Fenetta (gebore Van Zyl) van Somerset-Wes, op 10 Januarie 2021 hulle eersteling, Hermanus Jacobus Henning verwelkom het. Pieter is die derde seun van a2.b6.c1.d3.e5.f3.g4.h6. Pieter Hendrik Henning en sy vrou Deidré van die Strand. Fenetta is op 14 Junie 1994 in Port Elizabeth gebore, maar haar ouers, Herman van Zyl en ma Marietjie het toe sy nog baie klein was Kaapstad toe getrek. Sy het dus haar hele lewe lank in Kaapstad gewoon.

Pieter is 'n fisioterapeut in Durbanville by Van Zyl Fisioterapeute. Hy het sy BSc Fisioterapie graad by die Universiteit van Stellenbosh verwerf, terwyl Fenetta in Stellenbosch as 'n dieëtkundige werk. Sy het ook haar BSc Dieëtkunde graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Sterftes

a2.b1.c6.d3.e11.f3.g3. Petrus (noemnaam Pierre) Henning *17-6-1950 is op 4 Maart 2021 te Pringlebaai oorlede.



a2.b1.c6.d3.e11.f3.g3. Petrus (noemnaam Pierre) Henning *17-6-1950 en sy vrou, Andréé

Pierre het skynbaar weens 'n hartaanval of 'n bloedklont deur 'n stent bokant sy maag gesterf. Hy het die oggend 'n afspraak by 'n ouditeursfirma in Kleinmond gehad in verband met 'n transaksie wat reeds vir jare gesloer het en wat hom baie ontstel het. Oppad huis toe het hy angina gekry en kon nie uit die kar klim toe hy in die oprit stilgehou het nie.

'n Plaaslike ambulans het met hom na die hospitaal in

Somerset-Wes gejaag. Nadat sy vrou, Andréé meer as 'n uur en 'n half in spanning gewag het, het die medici haar laat weet dat hulle niks vir hom kon doen nie.

Pierre was 'n kleurryke karakter en bobaas-storieverteller, maar het ook 'n ernstige en verantwoordelike kant gehad. Hy was byvoorbeeld baie bekommerd en krities oor wat op politieke gebied in Suid-Afrika aan die gebeur was.

Hy het 'n besondere liefde vir Afrikaanse musiek gehad en was goed bevriend met verskeie bekende kunstenaars, onder andere Anton Goosen en Lucas Maree. Weens gebrek aan spasie in hierdie nuusbrieff, gaan ons in die volgende nuusbrieff dele van 'n artikel wat hyself op 20 Januarie 2021 oor sy betrokkenheid by Afrikaanse kunstenaars geskryf het, publiseer. Dit is asof Pierre geweet het dat sy tyd min is, want net bietjie meer as twee weke nadat hy hierdie artikel geskryf het, is hy oorlede.

Pierre het sy militêre diensplig voltooi by die Lugmag-gimnasium en na sy basiese opleiding het hulle hom geplaas by die Waterkloof lugmagbasis, waar hy gewerk het op die instandhouding van kommunikasie toerusting van die Buccaneer bomwerpers.

Na sy diensplig het hy by Tukkies 'n BSc (Boubestuur) graad behaal, maar hy het gou agtergekom dat die dag tot dag pligte van 'n boubestuurder nie by sy temperament pas nie. Hy het toe verder geleer en 'n BSc graad in bourekenkunde (Quantity Surveying) behaal. Hy was meer gelukkig in daardie rol.

In 1978 het hy en sy broer Neels (wat deesdae in Tampa, Florida, in die VSA woon) in vennootskap gegaan om klein meganiese onderdele vir Krygkor te maak. Krygkor het op daardie stadium sowat 30 000 R4 aanvalsgewere per jaar vir die weermag geproduseer, hoofsaaklik weens die grensoorlog op die Noordgrens van Namibië. Hulle was heel trots dat hulle 'n bydrae kon lewer om die kommunistiese wolf van SA se deur weg te hou. Items wat hulle in massa geproduseer het, het

ingesluit die R4 se korrel en blitsbreker. Hulle het ook komponente vir 'n paar ander wapens, soos die Bren masjiengeweer gemaak. Dit was 'n klein besigheid en hulle kon net kleiner outomatiese draaibanke en een klein freesmasjien bekostig.

Hulle het daaraan gedink om onderdele vir artilleriewapens te vervaardig, maar kon nooit so ver kom nie. Met die resessie van 1982 het die bestellings van Krygkor heeltemal opgedroog en moes hulle die besigheid sluit. Neels het toe vir Grinel (Transmitton) gaan werk en Pierre en familie het Durban toe getrek, waar hy werk gekry het as bourekenaar en sy vrou Andreé (wat 'n meestersgraad in Wiskunde het) het werk gekry as lektor by 'n plaaslike universiteit.

Tydens hulle verblyf in Natal, het hy 'n belangstelling ontwikkel in kayakke. Hy was deelyds betrokke by 'n klein firma wat die bote gebou het. Hy het self een of twee uit hout gebou wat pragtig was om te aanskou.

Hulle het daar gebly tot hulle aftrede in 2015, toe hulle Pringle Baai toe getrek het.

'n Paar jaar gelede het Pierre kanker in sy regtervoet gekry en hulle moes die voet afsit. Hy het toe 'n prostetiese voet gekry waarmee hy maar baie gesukkel het. Pierre het ook probleme met aarverkalking (atherosclerosis) gehad. So drie/vier jaar terug het hy drie hartomleidings gekry, wat blykbaar net twee jaar gehou het. So, Pierre moes later stents in sy hart kry, maar dit was nie genoeg nie, want hy moes gereeld medisyne vir angina gebruik. Die uiteinde vir Pierre was die hartaanval waaraan hy oorlede is.

Pierre se eggenote, Andreé het so terloops opgemerk dat hy so 'n talentvolle mens was. Moeilik.... maar hy het haar lewe eindeloos verryk. Dis asof hy geweet het hy moet dinge afhandel die laaste paar maande. Die artikel oor sy kunstenaarvriende, wat ons 'n die Augustus nuusbrieff gaan publiseer, getuig ook hiervan.

“Eergister toe ek tuis kom van Somerset-Wes af, was die huis nogal redelik netjies en alles op hulle plek en die kos klaar. Gisteroggend het ons heerlik op die dek gestaan en Pringlebaai en die voëls geniet en hy het gesê ek beter die snoeiskêr gaan haal en 'n paar proteas pluk vir die huis....Die laaste paar maande was eintlik so lekker...”

Geldsake

Ons is dankbaar om te kan berig dat verskeie mense oor die afgelope drie maande gehoor gegee het aan ons noodoproep vir bydraes, omdat die voortbestaan van die familiebond in alle opsigte afhanklik is van donasies deur ons lede.

Ondergemelde lede stuur gereeld maandeliks per debietorder 'n bydrae vir die familiebond, wat van onskatbare waarde is:

Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, mev Gesina Spangenberg van Tsumeb, Namibië, mev Runa (R T) van Straaten van Pretoriuspark, Pretoria en Pastoor Antonie Henning van Daspoort, Pretoria.



Dan het die volgende persone oor die afgelope drie maande ook waardevolle bydraes gelewer waarvoor ons baie dankbaar is:

- Mev JAD (Hannetjie) Henning, weduwee van wyle Pieter Hendrik Henning *2-1-1949 van Doornpoort - R50.00
- Jack (J C) Henning en sy vrou Anna van Bloemfontein – R400.00
- Mev Ena Henning weduwee van Hermanus Francois Henning en haar twee dogters Lizelle Henning en Marlize van der Westhuizen van Rietfontein, Pretoria het 'n wonderlike donasie van R4 000.00 aangestuur (R1 000.00 + R1 000.00 + R2 000.00)
- Willie (W F) Henning en sy vrou, Gerda van die plaas Leeufontein, Burgersdorp – R500.00
- Dr Philip (PA) Henning en sy vrou Anna van Langebaan – R500.00
- Mauritz (MM) Henning en sy vrou Ollie van Theresapark, Pretoria-Noord het nou reeds verskeie maande, elke maand vir ons 'n donasie van R200.00 per maand aangestuur.
- J S Henning – R300.00. Op 19 Februarie 2021 gedeponeer. Ongelukkig kan ons nie hierdie persoon identifiseer nie, omdat ons net te veel mense met die voorletters J S op rekord het.
- Marthinus (MC) Henning en sy vrou Henesia van Welkom R400.00

Alle bydraes word verwelkom, want dit wys vir ons dat hierdie lede waardering het vir die werk wat die familiebond doen.

**Die bank besonderhede van die Henning Familiebond is as volg:
FNB Villiersdorp (tak 200 712); Rekening nr 6265 7601 483. Gebruik asseblief u lid nommer of voorletters en van (indien moontlik volle voorname) as verwysing wie die deposito gemaak het.**

